

Jesus Het Opgestaan



2026-10-04
AGS Rayton
Past Gustav van Aardt



Hand 2:21-28

Hand 2:21 En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. 22 Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet—23 Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; 24 Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word.

Roep die Naam van Jesus Christus aan

Hand 2:21 En elkeen wat die **Naam** van die Here aanroep, **sal gered word**.

1Kor 1:2 aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges, saam met **almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep**, hulle sowel as onse Here:

Jesus, 'n Geskenk van God

Hand 2:22 Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, **'n man deur God vir julle aangewys** met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet—

1 Joh 4:9 Hierin is die **liefde van God** tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, **sodat ons deur Hom kan lewe**.

Rom 8:32 Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, **maar Hom vir ons almal oorgegee het**, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

Jesus se Opstanding

Hand 2:24 Hom het God opgewek, **nadat Hy die smarte van die dood ontbind het**, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word.

Griekse woord vir “sarte” = “odin”

Beteken: Geboortepyne (“travailing pain”)

- Die dood het geboortepyne ervaar.
- Die doderyk het Jesus gevange prober hou.
- Die doderyk moes Jesus laat gaan.

Jesus is Lewe!
Die Bron en Oorsprong van lewe

Die Getekende Tjek van Verlossing

1Pet 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, 19 maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos,

BANK NAME
Street, 00, Town Name
Tel: (000) 000 0000

0000000

DATE _____

YOUR NAME _____ \$

PAY TO THE ORDER OF _____

_____ DOLLARS

MEMO _____ AUTHORIZED SIGNATURE _____

Die Getekende Tjek van Verlossing

1Pet 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, **19** maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,

BANK VAN DIE HEMEL		<i>Datum: Van voor die grondlegging van die wêreld</i>
BETAAL AAN DIE ORDE VAN:		
ELKEEN WAT GLO		
(Johannes 3:16; Handeling 2:21)		
DIE BEDRAG	EWIGE LEWE	(Romeine 6:23)
VIR	SONDE (TEN VOLLE BETAAL)	Johannes 1:12
DIE HERE JESUS CHRISTUS		
Handtekening		

Vergeefs sonder Jesus se opstanding

1Kor 15:14 En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof;

1Kor 15:17 en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes;

Ware gelowiges WEET dat Jesus opgestaan het uit die dood.

Jy het die getuienis in jou hart
Jy weet dat jy weet
Jy praat gereeld met Jesus
Jy het verhouding met Hom
Jy ken Hom persoonlik

Dawid se belydenis

Hand 2:25 Want Dawid sê van Hom: Ek het die Here altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie. 26 Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop. 27 Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie. 28 U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig.